

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA *Ass. 2*
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-05-26

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 94

HOF HERVAT 1986-05-26.

ERNEST MICHAEL JEROME NEVELING v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: U is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak, Grahamstad. -- Dit is korrek.

Gedurende Februarie 1985, het u 'n videokasset ontvang? -- Dit is korrek.

Dit is op 'n wyse het jy hom ontvang wat jy nie aan die Hof kan openbaar nie. -- Dit is korrek.

U Edele, ek het ...

(10)

HOF: Wat die getuie nie kan of nie mag openbaar nie?

MNR. JACOBS: Mag openbaar nie. Ek het 'n sertifikaat van die Minister wat ek wil inhandig as BEWYSSTUK AAV. Ek het hom 'n aparte, nuwe nommer gegee. Ek sal dit net uitlees. Ek wil dit inhandig kragtens artikel 202 van Wet 51 van 1977. Dit lees: (Mnr. Jacobs lees inhoud van BEWYSSTUK AAV aan Hof uit.)

"Beëdigde verklaring:

Ek, die ondergetekende, Louis le Grange, verklaar hiermee onder eed soos volg: Ek is die Minister van Wet en Orde van die Republiek van Suid-Afrika, en as sodanig die (20) politieke hoof van die Suid-Afrikaanse Polisie. Ek het myself vergewis van die akte van beskuldiging ten opsigte van die beskuldigdes Patrick Mabuya Baleka en 21 ander wat in die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika aangekla staan. Die bestaan van die volgende tegniese opnames getiteld .."

Ek mag net meld die sertifikaat gaan oor 'n reeks ander ook.

HOF: Oor watter gaan dit almal?

MNR. JACOBS: Dit gaan oor klankopnames en dan gaan dit oor twee spesifieke video-opnames, die een wat nou ter sprake gaan (30) wees, maar ek sal dit volledig uitlees. (Mnr. Jacobs gaan voort

om die inhoud van BEWYSSTUK AAV aan Hof uit te lees.)

HOF: Die verklaring sal ingaan as BEWYSSTUK AAV.

MR BIZOS: My Lord, we have not been given any notice of this certificate.

COURT: Is that required by the Act?

MR BIZOS: It is not required specifically. We have not even had an opportunity of enquiring into that, but we would like to get a copy of this certificate, with respect.

COURT: Yes.

MR BIZOS: And we would ask Your Lordship before any evidence -(10) well, perhaps My Lord Your Lordship should hear the witness's evidence and we will ask Your Lordship to allow the matter to stand down because we have information which we would like to place before Your Lordship in relation to the manner in which the State is now attempting to introduce this ...

COURT: Well, I will hear the evidence first and then decide the issue. Here is the certificate which was read out. Your attorney can take it and make a quick copy of it, and I would like him to make two further copies for my Assessors as well.

MR BIZOS: Well yes. Make about five copies. (20)

COURT: Yes, will he do so now.

MNR. JACOBS: Nadat u nou in besit gekom het van hierdie kasset-opname, wat het u gedoen? -- Ek het 'n reproduksie daarvan gemaak.

Hoe het u 'n reproduksie gemaak? -- Ek het die videokasset wat ek gekry het, het ek oorgeklank van een videomasjien na 'n kopie of 'n reproduksie daarvan gemaak van 'n ander kopie.

Dit is nie net oorgeklank nie, u het die beeld ook oorgeneem? -- Die beeld - ek het die hele band oorgeklank.

Nadat u dit oorgemaak het, gedupliseer het, wat het u gedoen? -- Ek het die reproduksieband, het ek in die brandkluis toege-(30) gesluit.

HOF: Wat bedoel u met die reproduksieband, die oorspronklike?
-- Nee, die een wat ek - ek het 'n reproduksie gemaak van die oorspronklike.

Dit is die kopie sê nou maar. -- Die kopie in ander woorde.
MNR. JACOBS: Wat het u gedoen met die oorspronklike? -- Die oorspronklike het ek teruggegee.

Was dit noodsaaklik dat dit teruggegee moes word? -- Dit was noodsaaklik.

Die kopie of reproduksie wat u gemaak het, sê u het u in u brandkluis toegesluit? -- Dit is korrek. (10)

HOF: Het u nou 'n reproduksie gemaak van presies die ander een of het u dele uitgelaat of bygevoeg of wat presies het u gedoen? -- Ek het 'n reproduksie gemaak van die volle lengte van die ander videoband.

Net soos die ander een is? -- Net soos die ander een.

MNR. JACOBS: Ek wil hê u moet kyk na BEWYSSTUK 8 by die hof. Dit is 'n kassetband in 'n kassethouer. -- Ek het dit gesien.

Is dit die reproduksie wat u gemaak het en toe in u brandkluis toegesluit het? -- Dit blyk dieselfde te wees.

HOF: Wat bedoel u met dit blyk dieselfde te wees? Is dit die-(20) selfde of is dit nie dieselfde nie? -- Ek sal moet nou weer na die band kyk.

Wel, dan moet u na die band kyk. Ek wil sekerheid hê. -- Ek sal dit gou ...

Waar is die band? Maak hom oop en kyk. -- Dit is dieselfde een.

MNR. JACOBS: Wat het u daarmee gemaak nadat u dit gedupliseer het? In u brandkluis gesit het u gesê? -- Dit is korrek.

Het u dit daar toegesluit? -- Dit is reg.

Hoe lank het u dit daar gehou? -- Plus-minus twee na (30) drie maande.

En daarna, wat het u daarmee gedoen? -- Daarna het ek dit aan majoor Venter oorhandig.

Is dit ook 'n lid van die Veiligheidspolisie op Grahamstad? -- Majoor Venter is verbonde aan die Veiligheidstakke Queenstown.

Tydens die maak van hierdie duplikaat, het u op enige stadium enige veranderings aangebring aan .. -- Ek het geen veranderings aangebring nie.

Aan die band. Terwyl dit in u besit was, die duplikaat, nadat u dit gedupliseer het totdat u dit aan kaptein Venter oorhandig het, het u op enige stadium enige wysigings aangebring (10) op hierdie .. -- Geen.

Het u dit oorhandig aan majoor Venter in presies dieselfde toestand waarin u dit oorgeklank het en oorgefotografeer het? -- Ek het dit in presies dieselfde toestand aan majoor Venter oorhandig as wat ek dit daar geplaas het.

HOF: Wat is u laaste woorde, as wat? -- As wat ek dit daar geplaas het in die brandkas.

MNR. JACOBS: In die tydperk wat dit in die brandkas was, wie het beheer van daardie sleutel? -- Ek het beheer van daardie sleutel.

Het enige ander persoon toegang gehad tot daardie .. -- (20) Ja, my takbevelvoerder wat ook toegang het tot die brandkas.

Hierdie proses toe u die oorklanking gedoen het en oorneem van die videokasset, beskou u dit of volgens u waarneming en kennis daar, was dit 'n presiese weergawe, 'n getroue weergawe van die oorspronklike? -- Ek het die kopie wat ek geneem het, het ek agterna vlugtig deurgegaan en dit het vir my geblyk dieselfde te wees.

Kan u net vir ons sê wat is die naam van die takbevelvoerder wat ook toegang tot die .. -- Kaptein Meistre.

HOF: Is dit net julle twee wat toegang gehad het tot die (30) kluis? -- Dit is reg.

MNR. JACOBS: Niemand anderste kon daarmee gepeuter het in die tyd wat dit daar toegesluit was nie? -- Nee, nee.

HOF: Kruisondervraging?

MR BIZOS: My Lord, we would like to consider the terms of the certificate.

COURT: Well, the position is this, Mr Bizos, either the certificate stands and then you cannot ask questions of the witness on that aspect.

MR BIZOS: Yes.

COURT: Or it does not stand and you can ask questions. (10)

MR BIZOS: Yes.

COURT: When are you in a position to ask questions on - well, you can ask questions outside the certificate I take it, if you are interested?

MR BIZOS: Yes, My Lord.

COURT: Well, are you in a position to do that now?

MR BIZOS: No, My Lord, because I think to try and separate it will be difficult. We would like to - first of all we would like to consider the certificate and what attitude we should adopt to it and, secondly, depending on what we decide to make any (20) submissions to Your Lordship in relation to the certificate or not, then we will ask such questions as Your Lordship will allow. May I indicate that - I just heard of the certificate and the difficulty that we have on the basis of just what I have heard, and I am making the submission provisionally to Your Lordship, that the Minister cannot decide what is admissible or what is not admissible. The terms of the certificate ...

COURT: Well, if you are going to argue it later on - it is no good arguing it now. I do not want to hear the same argument twice.

MR BIZOS: No, no, My Lord, what I want to do - what I want (30) to consider, with respect, is whether the terms of the certificate

are such that they can be of any assistance to the State to prevent us from asking the witness such questions as which we may consider relevant.

COURT: Now, when will you be in a position to address me on the certificate?

MR BIZOS: I have Mr Marcus with me, that this matter is related to the Pietermaritzburg matter where some ...

COURT: Well, I am not concerned with the Pietermaritzburg matter, Mr Bizos, and I am asking you when will you be able to address me on the certificate? (10)

MR BIZOS: Well, could I have a short adjournment, My Lord, in order to decide these matters because I do not really know precisely what is involved. We were taken completely by surprise with the Minister's certificate and we would like to go into it before ...

COURT: Now, how long do you want me to adjourn?

MR BIZOS: Well, initially, My Lord, for approximately 15 minutes with respect, and then if we require more time we will approach Your Lordship.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

COURT: Yes, Mr Bizos. (20)

MR BIZOS: My Lord, in the limited time available to us, we have studied the certificate which was handed in as EXHIBIT AAV and we have two submissions to make to Your Lordship before we are called upon to examine this witness. The first, My Lord, appears to be the following, that if we take the certificate on face value, the evidence that has already been seen/heard by Your Lordship and the Learned Assessors, may be excluded by the certificate. The second point is that we submit that this certificate does not comply with the provisions of the law. It is necessary to have a look at the terms of the certificate, with respect, and we (30) start with paragraph 3: "Dat die bestaan van die volgende

tegniese bandopnames getiteld .." and then let us confine ourselves with EXHIBIT 8, but which says in the middle of the page under sub-paragraph F(ii) "wat deur die Staat as getuienis in die verhoor van bogemelde beskuldigdes gebruik sal word, het tot my aandag gekom." May I draw Your Lordship's attention at this stage that there is no statement that the Minister has himself seen or applied his mind to this evidence. Now "beëdigde ..."

COURT: Just a moment. The purpose of the certificate is not to exclude the evidence, be it documentary or video, the purpose of the certificate is to exclude questions pertaining to the identity of the informer. (10)

MR BIZOS: That is not what the certificate says only. If the certificate was that ...

COURT: But it is produced at the moment for the purpose of excluding cross-examination as to the identity of the informer.

MR BIZOS: My Lord, with the greatest respect that is not what the certificate said and the certificate would not have been necessary for that purpose anyway.

COURT: Yes, but now what is the purpose of the argument if the witness merely or the State merely relies at this stage on this certificate to exclude the identity of the informer? (20)

MR BIZOS: I did not understand, My Lord, the State to say that we have a certificate which goes very much further than that, but we are only going to rely on the portion of it on which we did not need it anyway.

COURT: Yes, that may or may not be so, but what questions can you put to this witness that are excluded by this certificate except police methods and identity of an informer?

MR BIZOS: No, My Lord, in terms of the certificate we would be precluded from asking questions if Your Lordship holds it to be valid in relation to what we call for the sake of convenience (30)

and using the language of the cases, the prominence and authenticity of these tapes, but may I ...

COURT: Could I just get clarity on what you mean by that. This document is or this tape is not an original one, we have heard that.

MR BIZOS: Yes, but the Minister is referring to this one that Your Lordship has seen.

COURT: Yes.

MR BIZOS: "Wat deur die Staat as getuienis in die verhoor van bogemelde beskuldigdes gebruik sal word." Now, in so far as (10) Your Lordship has heard this witness saying that he made a copy, he has contravened the terms of the certificate.

COURT: Yes, that may or may not be so, whether I interpret this to mean that it may or may not be used in court is a different matter. The question is what questions are you precluded from asking by this certificate? It would mean questions pertaining to identity of informer and questions pertaining as to the method by which this video was obtained, is that not what the difficulty is which is created for you in cross-examining this particular witness on this particular video? (20)

MR BIZOS: No, I think with respect we must go back. Well, could I just draw Your Lordship's attention to what the point is in full and then with respect ...

COURT: Yes.

MR BIZOS: And then with respect Your Lordship will see the difficulties that the State has presented not only for the Defence but for the Court with the presentation of this certificate.

COURT: Yes.

MR BIZOS: "Wat deur die Staat as getuienis in die verhoor (30) van bogemelde beskuldigdes gebruik sal word, het tot my aandag

gekom. Beëdigde verklarings deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie aan my voorgelê waarin die polisiemetodes wat gebruik is om die betrokke bandopnames en videokassetopnames te maak of te bekom beskryf word." This paragraph refers to the "bandopname" that are referred to in paragraph 3, the ones that Your Lordship were shown here.

COURT: Yes?

MR BIZOS: "Ek het die beëdigde verklaring ..."

COURT: But it merely says that those statements related to police methods in obtaining - in making and obtaining - making or (10) obtaining those tapes and videos.

MR BIZOS: Making these tapes.

COURT: Inter alia no. 8.

MR BIZOS: No, making this tape which has been produced, the copy that was produced before Your Lordship.

COURT: "Or obtaining it." Making it or obtaining it.

MR BIZOS: No, My Lord, I am taking both, but what I am emphasising is that Your Lordship cannot hear evidence as to how the copy was made!

COURT: Yes? (20)

MR BIZOS: And in so far as the witness said ...

COURT: Do you mean the copy was made by this witness?

MR BIZOS: Yes.

COURT: Well, you can always ask me to go beyond the certificate on that point.

MR BIZOS: My Lord, with respect Your Lordship has no discretion.

COURT: I have a discretion to go beyond the certificate.

MR BIZOS: No, My Lord, with respect Your Lordship can enquire into the certificate, but either the certificate - it is to be taken with another point and I would ask Your Lordship to hear (30) us out because, My Lord, it isn't for the Minister in terms of

the authorities that we have, to give a blanketing like that that you cannot ask questions about this. The certificate must state what it is that he fears the disclosure will prejudice the public policy and he must specify it. We cannot come with a certificate such as this which really ...

COURT: Wait, wait, you go a bit fast for me. This is merely a factual statement of what he had before him.

MR BIZOS: Yes.

COURT: Now, where is his objection?

MR BIZOS: Now, the objection, My Lord - why I am reading those paragraph is because what is meant by the "bandopnames en video-⁽¹⁰⁾kassetopnames" must be inferred from the document as a whole - "Ek het die beëdigde verklarings bestudeer en bona fide tot die gevolgtrekking geraak dat dit teen die openbare belang sal wees om enige inligting met betrekking tot die polisiemetodes wat aangewend is om genoemde bandopnames te maak of te bekom." "Te maak", My Lord ...

COURT: Yes, emphasise "of".

MR BIZOS: Yes, My Lord.

COURT: "Nie te maak en te bekom nie. Te maak of te bekom." ⁽²⁰⁾
Depending upon which one is applicable.

MR BIZOS: Yes, My Lord, but "die genoemde .."

COURT: Some they made I take it and some they obtained.

MR BIZOS: Well, we are dealing with this one, My Lord. The exhibit is that they made it, that they made it, but now "om genoemde" - and this is why I submit that what is said in paragraphs 3 and 4 is important "genoemde bandopnames te maak of te bekom." These are the copies.

COURT: This one.

MR BIZOS: This one. This one is the copy. ⁽³⁰⁰⁾

COURT: Yes?

MR BIZOS: Then we are told that "bogenoemde metodes gebruik deur die S.A. Polisie in onderhawige geval is dikwels .." and then - well, he does ... My Lord, the type of information that Your Lordship is being prohibited from hearing by the Minister can only with respect, be inferred from paragraph 5, and we submit that this is vague, embarrassing and unenforceable and in the limited time available to us we have had we tried to look into the position, as indicated we had no notice of this, and - I would refer Your Lordship briefly go page 217 of the book of HOFFMANN and ZEFFERTT, The South African Law of Evidence, the passage (10) reads as follows:

"The Minister, if he does not attend the court in person, must make his objection in an affidavit. It must appear from the affidavit that he has himself read and considered each of the documents concerned and form the opinion that their disclosure will be contrary to public interest."

I do not know that this has any bearing on the subject, because he does not really - well, if his certificate is taken in face value one does not know whether it was not necessary for him (20) to say that he had actually seen the evidence, but be that as it may -

"Furthermore he should give the reasons for this decision as fully and clearly as is consistent with not disclosing matters which themselves ought not in the public interest to be revealed. There is no doubt that public policy can require the exclusion of oral evidence just as much as documents, but the procedure by which the executive may object to such evidence is not entirely settled. In BROOM v BROOM it was said (30) that a Minister could not object to a witness giving

any evidence at all. By analogy with the rule which requires the Minister to read and consider each document, an objection to oral evidence must be confined to the particular matters which the Minister has decided should be kept secret. The Minister would probably have to swear an affidavit stating in sufficiently clear terms what such matters were and his representative at the trial would have to object to specific questions if they fell within the forbidden topics." (10)

We submit that Your Lordship cannot go behind the certificate if it is valid. The discretion is that of the Minister and not Your Lordship's, My Lord, and ...

COURT: Now, could you just tell me, Mr Bizos, do you submit that the certificate is valid or that it is invalid?

MR BIZOS: What I submit is this, that in so far that the Minister has not with sufficient clarity set out what can be asked in oral evidence and cannot be asked in oral evidence, the certificate is invalid.

COURT: If the certificate is invalid, we go back to the question of public policy and the question whether questions should be allowed of the identity of the informer or the method by which this piece of evidence was obtained and then we fall back on public policy. Will you address me on that aspect then. (20)

MR BIZOS: My Lord, if the certificate falls outside, if the certificate is not valid, then the ordinary common law position would apply and I submit that Your Lordship will decide, in terms of the relevant cases, as to what is permissible and what is not permissible. I may indicate to Your Lordship as to what is permissible and what is not permissible to be asked in these circumstances, was dealt with - I think we owe it to Your Lordship (30)

and to My Learned Friends, to a judgment by MILNE, J. where in the absence of a certificate His Lordship indicates what is and what is not permissible. If Your Lordship wants this ..

COURT: Yes.

MR BIZOS: Could we make copies for - I have not read it yet, My Lord. I was told about it in the motor-car this morning, but could we give copies, but I submit with respect that this certificate is not valid in terms of the Section and in terms of the common law.

COURT: Well, it may be that this certificate is not applicable(10) to no. 8, to EXHIBIT 8 in the circumstances. You must remember this certificate purports to deal with quite a number of exhibits.

MR BIZOS: Well we are confining - if it is ...

COURT: We are now talking on EXHIBIT 8.

MR BIZOS: Yes, My Lord. I am not entirely with Your Lordship as to what - I do not know what others ...

COURT: I do not know what others there are. There is one other video that is referred to, the NIC meeting I believe, or the other one is the UDF One Year Rally. I cannot even remember which one of the two no. 8 is. I do not know whether we have an origi- (20) nal there or whether we have a copy there.

MR BIZOS: That we do not know either because we have never been told how the State was going to try and prove these videos although we have asked.

COURT: That is still coming I take it, so we must take every objection as it comes on the evidence before us.

MR BIZOS: The objection that I now take is that Your Lordship is precluded from hearing the evidence of this witness as to how he made this copy, which is an exhibit, because this is contrary to the provisions of the certificate and the witness has already (30) gone beyond the terms of the certificate and he has made himself,

well, he has fallen foul of the certificate and my asking any questions as to how he made this copy would be further falling foul of the certificate and Your Lordship is precluded from hearing any evidence about that and I submit that I cannot be put in a position of sort of tying one and a half of my hands behind my back and then being asked to ask questions and My Learned Friend standing up and say well, this is covered by the certificate or this is not covered by the certificate. On its ordinary interpretation evidence of the making of the exhibit cannot be given. I submit that the affidavit does not comply with the (10) common law nor the statutory position and that Your Lordship will so find and then the State must decide what it wants to do about the proof of this exhibit. The judgment of MILNE, J. is on the way.

HOF: Ja, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS: Mnr. Fick sal die argument verder voer.

HOF: Ja, mnr. Fick?

MNR. FICK: Dit is eerstens die Staat se submissie dat hierdie sertifikaat heeltemal geldig is. Sy Edele die Minister gee sy redes waarom hy sê dit teen die openbare belang is ... (20)

HOF: Ja, maar hy sê - die argument is in paragraaf 5 staan daar: "Ek het die beëdigde verklarings bestudeer en bona fide tot die gevolgtrekking geraak dat dit teen die openbare belang sal wees om enige inligting met betrekking tot die polisiemetodes wat aangewend is om genoemde bandopnames en videokassetopnames te maak of te bekom openbaar te maak." Met ander woorde die argument is wat ons hier voor ons het, is BEWYSSTUK 8. BEWYSSTUK 8 is 'n video-opname wat gemaak is deur hierdie besondere getuie. Hy het hom self gemaak, want hy het hom oorgeklank en gebeeld van iets anders en nou mag hy nie gevra word hoe het jy dit gedoen nie. Dit is (30) die betoog.

MNR. FICK: U Edele, die Staat se argument is daar moet onderskei word - die woordjie of. Dit is verskillende videos, verskillende tegniese opnames en daarom het die Minister nie een vaste reël neergelê nie. Hy sê in sekere gevalle is die maak in andere die bekom, kan nie getuienis oor gelewer word nie, maar dit is die Staat se argument dat die Hof moet onderskeid tref tussen voor die polisie die videokasset op beslag gelê het, die gewraakte een, of daarna. Ooglopend bedoel die Minister waar hy praat van maak is dit voor die polisie beslag gelê het op die ding, die wyse hoe hy gemaak is voor die polisie dit gekry het. Dit is wat beskerm word. Die persoon of die wyse hoe die ding gemaak word voor die polisie hom gekry het. Enigiets daarna wat die polisie maak, afskrifte soveel soos wat hulle wil, is ooglopend nie bedoel om deur hierdie artikel gedek te wees nie en dit is wat hierdie getuie hier gesê het vandag. Hy sê die oorspronklike, hoe hy gemaak is en hoe ek hom bekom het, dit is gepriviligeerd, maar wat hy daarna maak en wat al die ander polisiemanne daarna maak, soveel afskrifte soos hulle wil, dit is ooglopend nie bedoel om gedek te wees deur hierdie sertifikaat nie. Dit is glad nie onduidelik nie. Ek wil die Hof vra om te bevind dat die sertifikaat van die Minister heeltemal nie vaag is nie, nie verwarrend is nie, dat hy duidelik is en dat hy geldig is. (10)

MR BIZOS: My Lord "op genoemde bandopnames", on paragraph 5, no distinction is made and "genoemde bandopnames" refer to all of them and My Lord once something is taken outside of Your Lordship's province, outside Your Lordship's jurisdiction, it must be done in clear and certain terms because it fetters the discretion of the Court, it fetters the right of the accused to ask questions, it is a departure from the ordinary rule and strained interpretations with the greatest respect will not avail the State of ... (20) (30)

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NO.: CC 482/85

DELMAS

1986-05-26

BEFORE: THE HONOURABLE MR JUSTICE VAN DIJKHORST
AND ASSESSORS: MR W.F. KRUGEL (10)
PROF. W.A. JOUBERT

THE STATE v PATRICK MABUYA BALEKA AND 21 OTHERS

R U L I N G

VAN DIJKHORST, J.: No ruling is made on the validity of the certificate. I rule that on the grounds of public policy questions as to the method by which the original of EXHIBIT 8 was obtained and the identity of the person or persons from which it was obtained are not permissible.

Mr Bizos is requested and allowed to cross- (20)
examine on any other aspect, which includes the making of the copy.

ERNEST/...

SENT IN FOR REVISION

ERNEST MICHAEL JEROME NEVELING (Nog onder eed)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Mnr. Neveling, ons weet dat die vergadering waaroor BEWYSSTUK 8 gaan het op 25 Augustus 1984 plaasgevind. Die vergadering het op die datum plaasgevind.

HOF: Is dit die 25ste of die 20ste? Ek dink die datum was verander mnr. Bizos.

MNR. BIZOS: Verander of gewysig. In elk geval - ja, want die sertifikaat sê die 25ste, maar in elk geval ek dink die getuienis is miskien dat die datum nie op die 25ste - maar in elk geval, die punt - dit maak nie saak of dit nou die 20ste of die 25ste(10) was nie. Wanneer het u gesê het u BEWYSSTUK 8 gekry? -- Gedurende Februarie 1985.

Dit is ongeveer sewe maande na die vergadering plaasgevind het. -- Dit is korrek.

Weet u of, van u eie kennis, of die opname wat u gekry het, die oorspronklike was wat gedurende die vergadering gemaak was en of dit nou 'n kopie was? -- Ek weet nie.

Of dit nou die oorspronklike was, of dit die kopie was, weet u - ek wil nie die identiteit van u beriggewing hê nie, ek wil u net vra of u weet van u eie kennis in wie se besit dit was (20) gedurende die tydperk tussen 20 Augustus tot Februarie.

HOF: Of u dit by iemand anders gehoor het, sou nie toelaatbaar wees nie. Net van sy eie kennis.

MNR. BIZOS: Van u eie kennis, waar - in wie se besit dit was. -- Nee.

Of dit - die een wat u teruggegee het, of dit nou die oorspronklike was, of dit 'n kopie was, kan u sê of dit 'n oorspronklike was wat deur 'n deskundige gemaak is of 'n amateur? -- Nee.

Weet u of dit nou 'n ware beeld van die hele gebeurtenis by die vergadering was of net 'n selektiewe deel daarvan? -- Nee. (30)

Het u self, na u kennis of enige ander persoon, voor u die

kopie gemaak het of enige toetse gedoen is om vas te stel dat die opname wat aan u gegee was op enige manier mee gepeuter was of nie? -- Nee.

Dra u enige kennis van hoe lank die betrokke vergadering aangegaan het of nie? -- Nee.

Ten minste op twee plekke op die betrokke video daar is interrapsies ..

HOF: Onderbrekings.

MNR. BIZOS: Onderbrekings in die opname, dié wat u gemaak het. Kan u sê vir hoe lank daardie onderbrekings plaasgevind het, (10) beide vergaderings, of die persoon wat die opname gemaak het self opgehou het om die opname te maak? -- Nee.

Sonder om die identiteit van die persoon te openbaar, weet u wie dit was wat wel die video oorspronklik geneem het?

HOF: Weet u wie die oorspronklike video in daardie saal geneem het waar dit opgeneem is? -- Ek wil daar privilegie pleit, asseblief.

MNR. BIZOS: Weet u of die persoon aan wie se identiteit u nou priviligie eis, of hy daar op 'n openbare manier die opname geneem het of nie? -- Ek weet nie.

Weet u of daar net een persoon was wat in die openbaar (20) 'n opname daar gemaak het van die vergadering of net een?

HOF: U bedoel meer as een of een?

MNR. BIZOS: Ek meen meer as een of een.

HOF: Wat u uit u eie kennis weet. -- Ek weet nie.

MNR. BIZOS: Weet u watse toerusting of apparaat gebruik is om die video te maak? -- Nee.

Weet u of die wat u ontvang het wel 'n kopie was, wat apparaat gebruik was om die kopie te maak?

HOF: Ek begryp nie die vraag nie. Bedoel u is dit 'n kopie van 'n kopie? 'n Kopie van die oorspronklike. (30)

MNR. BIZOS: Ja, as dié wat aan die getuie gegee was 'n kopie

was, weet hy watse apparaat gebruik was om 'n kopie van die oorspronklike te maak. -- Ek weet nie.

En u is heel seker u sal niks - wel, u het geen kennis van watse soort van kamera gebruik is of watse soort kasset gebruik is of watse soort van klankopname gebruik is om die oorspronklike te maak nie? -- Nee.

Uself het geen tegniese kennis in verband met die vervaardiging van films of bandopname nie, behalwe as 'n amateur vir u eie huisgesin.

HOF: Wel, laat ons net - het u al self dit gemaak vir u eie (10) gebruik as amateur? -- Is dit die oorklanking of die maak van die video, die neem van die video self?

MNR. BIZOS: Die maak van 'n video.

HOF: Om 'n video te neem. -- Nee.

En van die oorklank? -- Ja.

As amateur of as deskundige? -- Amateur.

MNR. BIZOS: In wie se besit was die kasset na u of in wie se besit was BEWYSSTUK 8, die kopie wat u gemaak het, na u dit gemaak het? -- In my eie besit.

Waar het u dit gehou? -- In die brandkluis. (20)

Hoeveel mense het die reg om na daardie brandkluis te gaan, binne te gaan? -- Twee.

Net u en die bevelvoerende offisier het u gesê? -- Dit is korrek.

Het u dit in enige verseelde koevert gesit of nie? -- Nee.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

FREDERIK JACOBUS MARX VENTER v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: U is 'n majoor in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Queenstown waar u die hoof van die (30) Veiligheidstak is. -- Korrek.

Op 15 April 1985 het u 'n videokasset ontvang van luitenant Neveling van Grahamstad? (Tussenbeide)

HOF: Kan u net vir my die datum weer gee.

MNR. JACOBS: 15 April 1985.

HOF: Ontvang van? -- Luitenant Neveling.

Is dit die vorige getuie?

MNR. JACOBS: Die vorige getuie? -- Dit is korrek.

Waar het u die kasset ontvang? -- Dit was in die takbevelvoerder se kantoor op Grahamstad vanuit die brandkas.

Het Neveling dit uit die brandkluis gehaal en toe aan u (10) oorhandig? -- Dit is korrek.

Ek wil hê u moet net kyk na BEWYSSTUK 8 en vir die Hof sê is dit die kasset wat u ontvang het van hom? -- Dit is 'n soortgelyke kasset - het ek ontvang. As ek na die inhoud kyk sal ek beslis kan sê ...

HOF: Maak asseblief oop.

MNR. JACOBS: Bedoel u die inhoud as hy vertoon word? -- As hy sou vertoon word. Ek het die kasset soos hy hier is of die soortgelyke een so ontvang en in my tassie toegesluit.

HOF: Dan sal u hom moet vertoon. (20)

MNR. JACOBS: Kyk daarna, U Edele.

HOF: Sal u alleen kyk daarna, asseblief.

MNR. JACOBS: Ons sal maar - ek sal met u goedkeuring en as die Verdediging dan net teenwoordig is.

HOF: Ja.

MNR. JACOBS: U Edele, kan ek net die ander deel van sy getuienis afhandel, dan kan ons terugkom na hierdie .. -- Ek is jammer.

HOF: Nee, dit is nie u fout nie. Dit is net dat ek nie twee keer na dieselfde video wil kyk nie.

MNR. JACOBS: Het u enige ander kassette van hierdie persoon (30) ontvang? -- Nee, dit was die enigste kasset. Dit was ook die enigste

een wat in die brandkas was.

Wat het u met die kasset gemaak nadat u dit ontvang het? -- Ek het hom in my aktetassie toegesluit en die aktetassie was heeltyd in my besit. Ek is vanGrahamstad af na John Vorsterplein waar ek die videokasset aan konstabel Van der Merwe oorhandig het.in die loop van die oggend van 17 April 1985.

HOF: Weet u watter Van der Merwe? Daar is seker baie Van der Merwes. -- Dit is Lang van der Merwe.

MNR. JACOBS: Is dit konstabel Van der Merwe? -- Ek glo sy naam is Johan. (10)

K292 In die tydperk wat u in besit was van hierdie besondere kasset, het u op enige stadium op enige wyse daarmee gepeuter of enige veranderings daar aangebring? -- Ek het myself slegs vergewis wat op die band is deur dit te speel op 'n video-opnemer. Ek het gesien die inhoud van die band of dan die band kon moontlik relevant wees tot die saak en dit is die enigste ding wat ek daarmee te doen gehad het. Ek het net gekyk na die inhoud en dit teruggedraai en vir hom so gegee.

So, u het nie .. -- Ek het nie gepeuter met hom hoegenaamd nie.

.. nooit enigsins probeer om iets uit te vee of by te voeg op hierdie band nie? -- Ekskuus?

U het nooit probeer om iets by te voeg of uit te vee op die band nie? -- Ek is te onkundig om dit te doen.

U Edele, ek wonder of ons net kan vra dat die Van der Merwe-getuie net inkom dat hy hom kan identifiseer.

HOF: Ja. Mnr. Bizos, as ons hierdie proses moet deurgaans ten aansien van elke video gaan ons baie lank in hierdie hof sit. Is dit regtig nodig dat ons elke keer 'n Van der Merwe kry om te sê hy het dit ontvang en vir mnr. X gegee? (30)

MR BIZOS: Well, My Lord, we are entitled ...

HOF: O ja, u is sekerlik geregtig, mnr. Bizos.

MR BIZOS: .. to put in issue the prominence and authenticity and for the State to come along here with a sealed envelope, My Lord, at the end and after the evidence of the last two witnesses that we have heard, we submit with respect that we are entitled to put the State to the proof of this. I do not want Your Lordship with respect to see the video again, nor do I want to see it, but it can be shown for the purposes of identification for the witness, the first couple bars so to speak - well, not bars, that is music, the frames and if he identifies that this(10) is it, then My Lord there probably will not be any questions about it, but My Lord, before this sort of evidence becomes admissible there has to be a proper proof and the State should try and do this.

COURT: Yes, Mr Bizos, I understand your attitude. Ja, daar is 'n lang persoon in die hof. -- Dit is hy, U Edele.

Wat is u volle name?

PERSOON IN HOF: Johannes Pieter van der Merwe.

HOF: Dit word genotuleer. Mnr. Jacobs, ek doen aan die hand dat die getuie in teetyd gou na die band kyk en dat wie ook al (20) verder die band gehanteer het en gekyk het ook gelyktydig kyk dat hulle almal sê hulle het in teetyd na hom gekyk en dit is band 8. Dat ons nie elke keer deur die proses hoef te gaan nie. Ja, gaan maar voort.

MNR. JACOBS: U Edele, dit is dan op hierdie stadium waar ek kom waar hy het dit oorhandig. Ek moet nou net dat hy dit identifiseer.

HOF: Ja, hy kan intussen afstaan, dan kan ons met 'n volgende getuie voortgaan. O, dit is nou teetyd.

HOF VERDAAG VIR TEE. HOF HERVAT.

MR BIZOS: My Lord, I think that we owe Your Lordship an explanation in view of Your Lordship's appeal to me this morning. I (30)

would like to place on record that we were asked whether we would admit the admissibility of the tapes or not. Our answer was a categorical no, but I would like to place on record that we have never been asked to admit the sequence of the passing of possession of these tapes from the time that they were obtained to the time that they found themselves in the sealed envelope that our Learned Friend, Mr Jacobs, has been opening from time to time before Your Lordship. Consistent with our attitude throughout this trial not to impose upon Your Lordship unnecessary evidence, had we been asked, had it been disclosed to us that this (10) tape came to the police possession some seven months after the event and that it was then handed from one police officer to the other, we would have had no difficulty in making an admission and I am actually tendering such admission of handing over from one person to the other until such time as it found itself in the sealed envelope, but I would like to place on record that we were never asked to make such admission and I would like to place on record that we would be only too happy. What our attitude to the tapes - has been made quite clear, by the nature of the cross-examination of the previous witness, so that the person that (20) first got it would appear to be ..

COURT: Number one you want and the last one you want?

MR BIZOS: Number one and the last and even the last one we may be able to dispose of because if it has been through many hands we do not think that it makes any difference that it was put into a sealed envelope some months after the event, but I am making this offer and I think that Your Lordship and the State should by now, with respect, have realised what it is that we are submitting and what is the basis of our objection.

HOF: Mnr. Jacobs, om die ding kort te sny, met hierdie getuie(30) moet ons nou klaar maak. Ons het hom nou hier en laat ons nou

eers met hom klaar maak en dan wil ek op hierdie aspek terugkom.
Vra die vrae eers vir die getuie.

FREDERIK JACOBUS MARX VENTER (Nog onder eed)

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Majoor, u het nou die geleentheid gehad om na die opname te kyk, BEWYSSTUK 8, is u in staat om dit nou te identifiseer as die opname wat u ontvang het van getuie Neveling? -- Ja.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: U sê dat u te onkundig is om die bandopname op enige manier te peuter. -- Ek stem saam. Dit is so. Ek weet nie eintlik werklik hoe werk die goed nie. (10)

Maar sal u ook saamstem dat 'n onkundige persoon sal miskien 'n belangrike deel van 'n bandopname sonder enige opsit miskien afgee? -- Ek het niks afgee of bygevoeg nie.

Ja, maar 'n onkundige persoon mag dit doen sonder om bewus daarvan te wees. -- Dit kan so wees.

U het nie die bandopname in enige koevert gesit of verseël nie? -- Dit was in my aktetassie gewees.

Nie in 'n koevert nie? -- Nee, dit was nie nodig gewees nie.

En toe mnr. Van der Merwe van u dit weggeneem het, het hy dit in dieselfde manier weggeneem, nie in 'n verseëlde koevert (20) nie? -- Nee.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Majoor, het u al self videokassette gespeel en het u al ooit enige opnames uitgegee per ongeluk?

HOF: Wel, dit is nou twee vrae. Het u al videokassette gespeel? -- Ja.

Baie of min? -- Ek sou sê baie.

Wat u gehuur het? -- Wat ek gehuur het.

MNR. JACOBS: En het u ooit van hulle uitgegee per ongeluk? -- Ek het nog nooit nie. Trouens, ek het - nog nie een van die (30) persone by wie ek gehuur het, het kom kla dat ek sy goed gebreek

het nie.

HOF: U het nog nooit u deposito verbeur nie? -- Nog glad nie.

MNR. JACOBS: En terwyl u - hierdie proses om na hom te kyk het die beeld gedurig aaneenlopend verskyn op die kasset? -- Hy het.

GEEN VERDERE VRAE

HOF: Nou, mnr. Jacobs, u het gehoor dat mnr. Bizos graag al die nommer eens wil hê. Ek is bereid om al die nommer eens aan te hoor en u dan 'n geleentheid te gee om in etens tyd met mnr. Bizos 'n samespreking te voer om te kyk of u ooreen kan kom oor die nommer twees en nommer dries. (10)

MNR. JACOBS: Soos dit u behaag.

HOF: So roep maar vir my die nommer eens.

MNR. JACOBS: Luitenant Hermanus Stefanus Adendorf is die volgende getuie en met hierdie een is ons terug by die Minister se sertifikaat.

HERMANUS STEFANUS ANDENDORF v.o.e.

HOF: En oor watter een gaan dit?

MNR. JACOBS: BEWYSSTUK 17.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: U is 'n luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Ladysmith, Natal. -- Dit (20) is korrek.

Waar u verbonde is aan die Veiligheidsafdeling van die Veiligheidspolisie as afdelingsbevelvoerder. -- Negatief. Ek is 'n lid van die Veiligheidstak, maar nie as afdelingsbevelvoerder nie.

Gedurende Julie 1984 het u kennis gedra van 'n vergadering wat daar gehou sal word deur die Natal Indian Congress. -- Dit is korrek.

HOF: In Julie 1984?

MNR. JACOBS: En die vergadering sou plaasvind op 1 Augustus 1984. -- Dit is korrek. (30)

Dra u kennis wie die sprekers op hierdie vergadering sou

wees volgens die advertensies wat daar was? -- Ja, ek kan van die sprekers onthou wat daar sou opgetree het.

Wie was hulle? -- Fatima Meer, Allan Boesak en ene Terror Loketa.

Is dit beskuldigde nr.20 hierso? -- Dit is korrek.

Nadat hierdie vergadering gehou was, het u 'n videokasset-opname bekom? -- Dit is korrek.

Is dit volgens metodes wat u nie bereid is om bekend te maak aan die Hof nie. -- Dit is korrek.

Wat het u toe gemaak nadat u hierdie kassetopname ontvang(10) het? -- Ek het 'n reproduksie daarvan gemaak.

Die reproduksie wat u gemaak het, was dit 'n ware weergawe van die meesteropname wat u gebruik het en wat u ontvang het? -- Dit is korrek.

Ek wil hê u moet kyk na BEWYSSTUK 17 hier voor die Hof. Is dit die .. -- U Edele, dit is 'n soortgelyke band en die band wat ek gebruik het, het geen merke op gehad nie.

Nou het hy merke op.

HOF: U bedoel die oorspronklike band, as ons nou maar oorspronklik in aanhalingstekens .. -- Die kopie. (20)

Ek wil nou net duidelikheid hê. Ek het verstaan u het 'n videoband gekry. -- Dit is korrek.

By iemand. Praat u nou van daardie videoband wat nie merke op het nie of die een wat u later gemaak het? -- Nee, die een wat ek later gemaak het.

Het nie merke op gehad nie? -- Nee. So ek beskryf hierdie een as soortgelyk aan die een wat ek gehad het, waarop ek die opname gemaak het.

MNR. JACOBS: U het nou 'n geleentheid gehad tydens die teebreek hierso. Het u gekyk na daardie band en was hy vertoon aan u? -- Dit is korrek. (30)

BEWYSSTUK 17 spesifiek. Kan u sê is dit 'n weergawe van die opname wat u gemaak het? -- Dit is korrek.

HOF: Wat bedoel u met is dit 'n weergawe van die opname?

MNR. JACOBS: Is dit ...

HOF: Is dit die opname of nie die opname nie?

MNR. JACOBS: Is dit die opname, ekskuus, wat u gemaak het? -- Ja, dit is korrek.

Wat het u met die opname gemaak nadat u dit voltooi het? -- Ek het die band in 'n staalkabinet in my kantoor toegesluit waarvan net ek toegang gehad het. (10)

En die meesterafdruk? -- Die meesterafdruk het ek teruoorhandig soos ek dit ontvang het.

Tydens die opname wat u gemaak het op BEWYSSTUK 17, het u hom volledig gemaak soos die meesterband is of het u enigiets uitgesny, ingevoeg of iets van die aard? -- Nee, ek het hom gemaak vanaf die meesterband soos ek hom ontvang het.

Die volle program, vol lengte, of net 'n gedeelte daarvan? -- Ek het die vol lengte geneem.

Op 1984-10-02 wat het u toe met BEWYSSTUK 17 gedoen?

HOF: Net 'n oomblik, wanneer het u daardie video gekry? Hoe lank na die vergadering? -- Dit was direk na die vergadering gewees. (20)

Die dag daarna of op die vergadering of wat? -- Nee, dit was nie op die vergadering nie. Dit was die dag daarna gewees.

Die dag na die vergadering? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS: U sê u het dit toe oorhandig aan kaptein Botha van die Veiligheids .. -- Veiligheidshoofkantoor.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Op watter datum?

MNR. JACOBS: 1984-10-02. Waar het die oorhandiging plaasgevind? -- In die Veiligheidstakkantore te Ladysmith, Natal. (30)

Het u hom toe daar verwyder uit die staalkabinet? -- Dit is

korrek, ja.

In al hierdie tyd wat die band in u besit was en wat u hom daar gehad het in die kantoor, het u of enigiemand anders met hom gepeuter? -- Geensins nie.

Het enigiemand anders toegang gehad tot daardie kas om met hom te peuter? -- Geensins nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Kan u sê of die wat u van die persoon wat u kan nie noem nie ontvang het, die oorspronklike was en of dit 'n kopie van die oorspronklike was? -- Volgens die persoon was dit die oorspronklike een. (10)

Van u eie kennis u weet nie of dit 'n kopie of die oorspronklike een was nie? -- Nee, ek persoonlik sal nie kan sê of dit wel die oorspronklike was nie.

Weet u hoe maklik of hoe moeilik dit is om 'n kopie te maak van 'n opname soos BEWYSSTUK 17? -- U Edele, as 'n amateur op die gebied en die apparate wat bekombaar is glo ek dit is nie baie moeilik om een te maak nie.

Hoe lank sou dit neem? -- Dit hang van die lengte van die program wat u wil neem.

Ja, dit is die enigste beperking? -- Ja. (20)

HOF: Hoe lank het dit vir u geneem? Die tydsduur wat dit duur om die video te loop? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS: Volgens u kennis is daar enige toetse gedoen om vas te stel of die bewysstuk wat nou voor die Hof is, BEWYSSTUK 17, 'n oorspronklike is en of dit net 'n kopie is?

HOF: Hierdie een?

MNR. BIZOS: Ja, hierdie een.

HOF: Maar hierdie een is tog 'n kopie.

MNR. BIZOS: Dit is mos 'n kopie. Jammer. Dra u enige kennis of daar enige toetse gedoen is dat die een wat aan u gegee was ..(30)

HOF: Ons noem hom maar die meester.

MR BIZOS: Well, My Lord, except that master has a connotation which we do not accept ..

COURT: Or originality you mean?

MR BIZOS: Of originality.

COURT: Chose another word, Mr Bizos. In respect of EXHIBIT 17 that was the master, whether it was a copy in itself does not matter. What he obtained was in respect of our EXHIBIT 17, the master.

MR BIZOS: Well, in that sense I will use the master.

Die meesterafdruk of kopie, dra u kennis of enige toetse (10) gedoen is om vas te stel voor u die kopie gemaak het of dit nou die oorspronklike was en of dit self 'n kopie was? -- Nee, ek dra geen kennis daarvan nie, van enige toetse nie.

Kan u vir ons sê of die BEWYSSTUK 17 die hele vergadering was en of daar "interruptions" is.

HOF: Onderbrekings.

MNR. BIZOS: Onderbrekings is. -- Ek sal nie met sekerheid kan sê nie, want ek het self nie die vergadering bygewoon nie, so ek ken nie die hele strekking van die vergadering, die gebeure en dit nie. (20)

U weet nie eers hoe lank die vergadering geduur het nie? -- Negatief.

Weet u van u eie kennis en nie wat u gesê was nie, wie die video geneem het? Van u eie kennis. -- Ek volg nie die vraag nie.

HOF: Wat die advokaat wil weet is of u uit u eie kennis, wat u nie gehoor het by iemand anders nie, maar uit u eie kennis weet wie die opname gemaak het op die vergadering? -- Ek persoonlik weet wie het dit gemaak.

Omdat u dit gehoor het of omdat u dit gesien het? -- Nee, dit is aan my genoem, ekskuus tog. (30)

Wel, die advokaat vra uit u eie kennis. -- Ja-nee, dit is

aan my gesê dat dit is direk op die vergadering geneem.

MNR. BIZOS: Van u eie kennis u weet nie wie die opname gemaak het nie? Van u eie kennis? U is net gesê? -- Ek is gesê dat die opname gemaak is, dit is korrek, ja.

Van u eie kennis weet u watse soort apparaat gebruik was om dit te doen? -- As 'n leek weet ek net dit was 'n videokamera gewees. Ek kan nie uitbrei op die metode of die toestel self nie.

U is nie 'n deskundige in die neem van 'n opname of videos nie? -- Geensins nie.

Is u seker dat u die video die volgende dag gekry het? Is (10) daar 'n datum in u verklaring, meneer? Is daar 'n datum in u verklaring wanneer u die video gekry het? -- Ek sal nie graag wil uitwei oor die presiese datum nie.

Wel, ek vra u of u kan onthou of daar wel 'n datum in u verklaring is toe u die video oorhandig is? -- Ek kan nie meer onthou nie.

U kan nie onthou nie? Wel, kan u onthou wanneer u wel die video ontvang het? -- Ek dink dit was die daaropvolgende dag gewees.

U dink so? Sou dit nie baie eienaardig gewees het dat (20) daar sal nie 'n datum in die verklaring van 'n polisiebeampte wees toe u die video ontvang het nie? -- Ek kan nie onthou of ek 'n presiese datum genoem het nie. Dit het 'n ...

Laat ek vir u so vra, wanneer het u 'n verklaring in verband met die feit dat u die video oorhandig het, wanneer het u 'n verklaring gemaak? -- Ek dink dit was net voordat ek dit aan kaptein Botha oorhandig het of miskien net kort daarna. Ek kan nie die datum onthou nie.

Wanneer was dit? -- Dit was in Oktober gewees.

In Oktober? -- Dit is toe ek die band aan hom oorhandig (30) het.

Dit was hoe lank na die gebeurtenis? Die datum toe die vergadering plaasgevind het? -- Die vergadering was 1 Augustus, dit is twee maande.

Het u enige nota gemaak in verband met die datum toe u die video ontvang het? -- Nee, ek het nie 'n nota gemaak nie.

U sien, ek gaan dit aan u stel dat ek vind dit eienaardig dat die aanklaer nie vir u gevra het op watter datum u die video ontvang het nie. Was daar 'n datum in u verklaring of kan u nie onthou wanneer u dit ontvang het toe u u verklaring gemaak het nie? -- (Geen antwoord.) (10)

Het u onthou wanneer u die video ontvang het toe u u verklaring gemaak het? -- Ek kan nie die presiese dag onthou nie.

So, u kan nie die Hof verseker dat u die video die volgende dag gekry het nie, nie so nie? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie.

Wil u nie miskien in u verklaring kyk om te probeer bevestig die datum wanneer u dit ontvang het nie? Wil u nie na u verklaring kyk nie? Daar sal miskien 'n datum daar wees? -- Ek sal na die verklaring wil kyk.

MR BIZOS: I will waive privilege - I will waive the right to see it, My Lord. (20)

COURT: Well, you cannot obtain the right to see it by forcing the State to hand the witness in cross-examination his statement.

MR BIZOS: That is why, My Lord, I will waive the right to see it myself.

COURT: Well you never had it but hand him the statement.

MNR. JACOBS: U Edele, ek wil dit darem net sterk maak, die Staat doen nie af van die privilegie dat dit ..

HOF: Nee, dit is baie duidelik.

MNR. BIZOS: Is daar 'n datum in daardie verklaring, meneer, wanneer u die video ontvang het? -- Nee, daar is nie 'n datum nie. (30)

Is u seker? -- Ek is seker.

Is daar enige verwysing hoe lank na die vergadering die video ontvang is? -- Dit is korrek.

Wat sê dit? -- Ek het in my verklaring gemeld 'n tyd, 'n aantal dae na die vergadering. Ek kan nie die presiese dae onthou nie.

Wel, wat beteken 'n aantal dae? -- In my tipe werk moet ons baie datums en gegewens onthou. Ek kan nie presies sê dit was presies 24 uur of presies 36 uur of presies soveel dae daarna nie.

Wat is u rang, mnr. Adendorf? -- Ek is 'n luitenant.

U is 'n luitenant, en u het vir die Hof verseker dat dit die volgende dag was. U het dit verder geneem en u het gesê net (10) na die vergadering as ek my geheue ...

HOF: Nee, die getuie was nie seker nie. Ek het hom gevra en hy het gesê die dag na die vergadering.

MNR. BIZOS: 'n Dag na die vergadering. Het u u verklaring gelees kort voor u na die getuiebank gegaan het, luitenant? -- Ek is sedert 28 April kort-kort gekom om getuienis te lewer en dan was dit nie my beurt nie en ek het weer teruggegaan. Ek het op 'n stadium my verklaring deurgelees, maar nie vanoggend kort voor ek in die bank ingekom het nie. Ek reis nege ure lank van my stasie af om hier te kom, en ek het nie vanoggend 'n kansie gehad om (20) die verklaring weer deur te lees nie.

Waarom, as u nie seker was nie, waarom het u aan Sy Edele gesê dat dit die volgende dag was? -- Ek dink ek het gemeld dat ek het gedink dit was die volgende dag.

Nee. -- Ek was nie seker gewees nie.

Wel, ek wil dit aan u stel dat dit net na u kennis gekom dat dit ter sake was hoe lank na die gebeurtenis die video in die besit van die Staat gekom het as gevolg van die kruisondervraging van die getuie wat voor die Hof vanoggend was.

MNR. JACOBS: Ek dink dit is 'n bietjie 'n onbillike stelling. (30) Die getuie het sy getuienis in die hof gegee, niemand het die

vorige getuie met die getuie bespreek, wat die getuie sou gesê het nie en hy was nie in die Hof omdat self te hoor nie.

HOF: U moet darem die basis lê, mnr. Bizos, of alternatiewelik moet u bereid wees om te staaf wat u sê.

MNR. BIZOS: Ek kan vra of u ...

HOF: U kan dit vra, maar nie stel nie.

MNR. BIZOS: Het u kennis gedra van die feit dat dit ter sake was in die saak hoe lank na die gebeurtenis 'n video in die Staat se besig gekom het? -- Negatief.

Kan u enige ander rede vir die Hof gee waarom u, alhoewel(10) hierdie verklaring 'n aantal dae - waarom u die aantal dae die volgende dag gemaak het? -- Ek kan u nie 'n antwoord daarop gee nie.

En u dra geen kennis wat met die video gebeur het van die tyd toe dit - u dra geen kennis wat van die meesterkopie van die video gebeur het tussen die dag toe dit geneem is en die aantal dae toe dit na u gebring was? -- Negatief.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

JACOBUS MARTINUS KOK v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: U is 'n adjudantoffisier in (20) die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vryburg waar u verbonde is aan die Veiligheidspolisie. -- Dit is korrek.

Op 19 Februarie 1985 het u die huis van 'n sekere persoon gaan deursoek? -- Dit is korrek.

Wie is dit? -- Dit is Hoffman Galeng.

Het u ook die besondere persoon se kantoor gaan deursoek? -- Nee.

Of 'n ander adres. Nou, toe u nou Hoffman Galeng se huis gaan deursoek het, het u 'n lasbrief gehad vir die deursoeking van die huis? -- Dit is korrek. (30)

Ek wil aan u 'n lasbrief toon hierso. Is dit die lasbrief

wat u gehad het vir die deursoeking van die huis? -- Dit is die lasbrief.

U Edele, ek vra dat die lasbrief ingehandig word as BEWYSSTUK - ek sal dit by die AAV, met al die bykomende goed, dan miskien hom AAV2 maak.

HOF: AAV2. Die vorige een sal ons dan maak AAV1, dit is nou die sertifikaat van die Minister.

MNR. JACOBS: Toe u sy huis deursoek het, was Hoffman Galeng teenwoordig? -- Hy was teenwoordig.

Wie is Hoffman Galeng? Weet u watter ampte of posisies (10) hy beklee in enige organisasies daar? -- Op daardie stadium was hy die voorsitter van die Noord-Kaap-streek van die United Democratic Front.

En ook enige ander organisasies? -- Ja, hy is ook die voorsitter van die Huhudi Civic Association.

Nou tydens u deursoeking van die huis, het u beslag gelê op sekere stukke? -- Dit is korrek.

Tydens hierdie beslaglegging, het u 'n inventaris opgestel van wat u daar op beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Ek toon aan u hierso 'n inventaris wat bestaan uit twee (20) bladsye. Volgens hierdie is daarso - is dit die inventaris van die goedere waarop u daar beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Onder andere onder daardie items is daarso BEWYSSTUK 16 op beslag gelê wat gemerk is DEO E180F 1984. -- UDF.

HOF: Is die F nie F nie, maar UDF? -- Dit is UDF hierso.

MNR. JACOBS: Is dit watter item op die .. -- Dit is die derde items op die inventaris.

Ek wil hê u moet kyk na BEWYSSTUK 16 voor die Hof.

HOF: Net so 'n oomblik. Gaan daardie dokument in as 'n bewysstuk?

MNR. JACOBS: Ja, ekskuus, ek wil hom net - sodra hy klaar (30) gekyk het. Is dit die een wat item 3 is ook op die inventaris?

-- Dit is korrek.

U handig dan die inventaris in as AAV3, en die bewysstuk sê u is die - BEWYSSTUK 16 is die betrokke videokasset wat u daar op beslag gelê het.

HOF: Met ander woorde die band, BEWYSSTUK 16, het u gekry in die huis van Hoffman Galeng. -- Dit is korrek.

En die datum was? -- 19 Februarie.

19 Februarie 1985. -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS: Nadat u daarop beslag gelê het, op die bewysstuk saam met die ander bewysstukke wat u op die inventaris het - (10) nie bewysstukke nie, ander stukke op die inventaris, wat het u toe daarmee gedoen? -- Ek het dit - kort na die beslaglegging het ek dit oorhandig aan adjudantoffisier Nieuwoudt.

Op watter dag was dit? -- Op dieselfde dag.

As u sê kort daarna, hoe lank is kort daarna? -- Dit was ongeveer twee uur na die visentering.

Adjudantoffisier Nieuwoudt van wie is hy en van waar is hy? -- Hy is verbonde aan die Veiligheidstak op Kimberley.

Waar het u die oorhandiging gedoen? -- In ons Veiligheids-takkantore. (20)

Die goedere soos u op hulle beslag gelê het daarso en op die inventaris geskryf het, het u hulle almal daar saam verwyder? -- Ja.

En was hulle in enige houer verpak? -- Ons het dit in 'n gewone kartondoos gesit.

In 'n kartondoos? Net soos hy daar is, het u die kasset ingesit? -- Dit is korrek.

In die tydjie wat hierdie kasset in u besit was, het u enigsins met hom gepeuter of enige veranderings op hom aangebring? -- Nee. (30)

Die kartondoos, toe u nou teruggekeer het van Hoffman Galeng

se huis af, was Nieuwoudt toe al by u kantore? -- Ja, ons het saam daar bymekaargekom.

Waar bymekaargekom? -- By my kantore.

Was hy saam na Hoffman Galeng se huis toe? -- Nee.

HOF: Kan ek net duidelikheid kry, toe u Hoffman Galeng se huis ondersoek het, toe was Hoffman Galeng daarby? -- Dit is korrek.

Praat ons nou van mnr. Nieuwoudt? -- Mnr. Nieuwoudt.

MNR. JACOBS: Toe u nou daar by die kantore kom en hierdie goed aan Nieuwoudt oorhandig, het u hulle vooraf verseël gehad of was dit nog net soos wat u dit daar geneem het? -- Dit was in die-(10) selfde vorm as wat ek op beslag gelê het.

Het u gesien wat Nieuwoudt met die items doen toe hy dit ontvang het? -- Nee.

Het u op enige stadium na die kasset gekyk? -- Nee.

Hoegenaamd nie in 'n masjien gesit nie, net so oorhandig soos wat u hom gekry het? -- Net so oorhandig.

Geen verdere vrae.

MR BIZOS: My Lord, may I have a look at - and the exhibit.

COURT: Both are exhibits.

MR BIZOS: No, the tape. Not so much the warrant but for the (20) sake of completeness we might as well have a look at it.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Volgens BEWYSSTUK AAV3 daar is 'n aantal videos by mnr. Galeng se huis gevind. -- Dit is korrek.

Dit is volgens die inventaris wat u gemaak het. -- Dit is korrek.

En volgens die inskrywings op AAV3, dit blyk of daar geen verskil aangewys is in verband met die verskillende videos omdat 'n aantal van hulle is as E81 beskryf. Wil u dit sien? -- Ja ..

Dit is die enigste beskrywing. Hulle is nie uitgesonder nie.

HOF: Met ander woorde hulle is nie afsonderlik gemerk en aan-(30) gegee of geïdentifiseerbaar nie. Hulle het almal maar dieselfde

beskrywing op u lys gekry, dit is wat die getuie sê. -- Nee, dit is nie so nie. Daar was van die bande wat geen ander beskrywing op hulle gehad het nie. Die bewysstuk nou voor die Hof was op geskrywe gewees en soos dit op hom geskrywe is, is dit aangebring op die inventaris.

MNR. BIZOS: Maar u het geen beskrywing op die inventaris geskryf nie, het u? Behalwe "een video E180" en daaronder - ek sien dat onder nommer 3 is UDF 1984. -- Dit is korrek.

Wanneer is dit ingeskryf? -- Dit was dieselfde tyd ingeskrywe en dit het op die band verskyn op daardie stadium. (10)

Dit is op die band getik? -- Ja.

Soos dit voorkom op die bewysstuk. -- Dit is korrek.

O, ek sien, en daar was 'n ander van mnr. T, en dit is hoe u dit onderskei? -- Dit is korrek.

U dra geen kennis of dié wat u by mnr. Galeng se huis gevind het 'n oorspronklike of 'n kopie was nie? -- Dit weet ek nie.

U weet nie wie dit gemaak het nie? -- Nee, ek weet nie.

Vir hoe lank dit in mnr. Galeng se besit was nie. -- Nee, ek weet nie.

En wie miskien in besit van die video was voor dit in die(20) besit van mnr. Galeng gekom het. -- Nee, ek weet nie.

U het nie die video in enige koevert gesit of enige seël gebruik om dit toe te maak nie? -- Nee.

Hoe laat het die bewysstuk in u besit gekry in mnr. Galeng se huis? -- Dit moet ongeveer 05h30 wees aangesien ons het om 05h00 begin met die visentering.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. JACOBS: Die volgende getuie is kaptein Adriaan Pieter van Niekerk. (30)

HOF: Oor watter bewysstuk sal die getuie gesels?

MNR. JACOBS: Hy gaan getuienis gee oor BEWYSSTUKKE 2, 3, 4, 9, 10, 11, 15, 18, 19, 20, 26, 29 en 28.

ADRIAAN PIETER VAN NIEKERK v.o.e.

MNR. JACOBS: U Edele, ek mag net sê dat op die tweede fase wat mnr. Bizos gesê het dat ons gaan samesprekings - gaan hy ook van die ander hanteer, maar ek sal dit op hierdie stadium ...

HOF: Wel, as dit baie vinnig is kan u dit net sowel afhandel, want hierdie skikking kan dalk langer duur as die getuienis. Ek ken daardie soort ding, maar as dit lank is dan moet dit oorstaan na etenstyd toe. Ek wil nie hê dat ons op 'n latere stadium die(10) getuie weer moet terugroep vir die ander aspek nie, maar handel maar eers met hierdie aspek.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en verbonde aan die Veiligheidstak, Johannesburg. -- Dit is korrek.

Op Dinsdag, 9 Oktober 1984, was u in beheer van 'n deursoeking, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Waar was dit gewees? -- By Khotso Huis in Johannesburg.

Watter besighede is daar in Khotso Huis, Johannesburg? -- Die plekke wat ons deursoek het, is die persele van die organisasies bekend as Afra Scope, Afra Pix en Inter Church Media Programme. (20)

Toe u soontoe gegaan het, het u gegaan op gesag van 'n lasbrief? -- Dit is korrek.

Waar is die lasbriewe? -- Ek het die deursoekingslasbrief in my teenwoordigheid.

Wanneer is die lasbrief gedateer? -- Die lasbrief is ...

HOF: Het u een lasbrief of drie lasbriewe? -- Ek het een en ek het fotostate gemaak vir die Hof se gerief. Die lasbrief is gedateer 8 Oktober 1984. (30)

MNR. JACOBS: En dit is vir die deursoeking van? -- Van die

persele wat ek so pas genoem het.

U handig die lasbrief in as BEWYSSTUK AAV4. -- Dit is korrek.

Met die deursoeking van daardie kantore wat u nou genoem het, het u 'n fotograaf saam met u geneem? -- Dit is korrek.

Wat het u gedoen met hierdie fotograaf? -- Ek het die fotograaf, adjudantoffisier Van Greunen, opdrag gegee om die plekke wat ons deursoek het, te fotografeer voor die tyd.

Het u vir hom gesê en gewys watter moet hy deursoek - wat moes hy fotografeer? -- Ek het vir hom die persele uitgewys.

Was u teenwoordig terwyl hy die foto's geneem het? -- Ek (10) was teenwoordig gewees.

Het u 'n album opgestel van die foto's wat daar geneem was? -- Ek het 'n album opgestel van die foto's wat geneem was.

Is die foto's geneem voordat daar werklik met die beslaglegging begin was? -- Van die foto's was voor die tyd geneem en die ander was tydens die deursoeking geneem.

Op hierdie stadium was daar iemand van Afra Scope teenwoordig gewees? -- Die koördineerder van Afra Scope, Indiërman Kelvin Procasum, was teenwoordig.

Was daar iemand anders wat op 'n stadium daar aangekom het? (20)
-- Die regsverteenvoerder van Afra Scope asook dié van Kelvin Procasum, naamlik mnr. Mohammed Bam, het kort nadat die deursoeking begin het, het hy daar opgedaag en bygestaan.

U sê u het 'n foto-album saamgestel. -- Dit is korrek.
HOF: Is dit drie persele of is dit een perseel waar drie groepe bymekaar werk? -- Dit is drie organisasies geleë op die tweede vloer van Afra Scope. Hulle het verskillende kantore ...

U bedoel van Khotso House? -- Van Khotso Huis, ja.

Hulle is almal op die tweede vloer? -- Tweede vloer en hulle het hul eie kantore. (30)

Was daar niemand in die ander kantore nie, net hierdie

mnr. Pracasum in die een organisasie se kantoor? -- Hy was by sy kantoor, dié van Afra Scope, was hy by. By die kantore van Inter Church Media Programme was eerwaarde Spong teenwoordig gewees en dan by die kantore van Afra Pix was 'n Kleurlingvrou teenwoordig.

MNR. JACOBS: Kan u net vir ons sê die foto-albums wat u daar saamgestel het, vir ons inhandig as BEWYSSTUK AAV5 en dan net vir ons verduidelik - gee drie vir die Hof, asseblief, een vir die Verdediging en een vir ons, asseblief. Kan u vir ons begin verduidelik. -- U Edele, moet ek net verduidelik dat die foto's van Afra Pix en van die Inter Church Media Programme het ek nie (10) hier bygesit nie vir doeleindes van my getuienis wat net handel oor die Afra Scope-aangeleentheid.

HOF: So hierdie bundel handel net met Afra Scope? -- Afra Scope. Foto 1 is die eerste kantoor van Afra Scope, kamer ...

Kan u net vertel wat is Afra Scope of weet u dit nie? -- Ek kan vir u op hoorsê, wat vir my gesê is deur Procasum, kan ek vir u sê.

Ek wil u nie nou vir hoorsê vra nie, miskien sal iemand anders vir u hoorsê vra. Ja, gaan maar voort. -- Foto 1 is die kantoor 228, dit is die eerste kantoor wat ons deursoek het (20) van Afra Scope.

Mnr. Jacobs, moet ons nou presies die detail van die ondersoeking nagaan, is dit van belang in hierdie saak of maar net wat gevind is?

MNR. JACOBS: Ek wil net wat gevind is gaan wees en dan net hoedat hy hierso gevind het daarso in die kantore waar hy was.

HOF: Ja, gaan voort. Goed, foto 1 is kantoor 228. -- Foto 2 tot en met foto nr. 6 is ook aan die binnekant van kantoor 228.

MNR. JACOBS: In foto 2 is daarso 'n staalkas wat daar afgeneem is. -- Dit is korrek. (30)

En ook dan 'n bord waar advertensies op is. -- Dit is korrek.

Foto 3 meer net die bord. Is dit reg? -- Ja, dit is korrek, ook 'n advertensiebord met plakkate en advertensies op.

Foto 4. (Tolk dui aan dat hy nie foto 3 se beskrywing gevolg het nie.)

HOF: Ja, u moet asseblief onthou dat ons ook nog 'n tolk in hierdie hof het. Het u foto 2 gehoor? (Tolk: Ja.) Foto 3, sal u net weer vir ons sê. -- Foto 3 is 'n kennisgewingbord met 'n plakkaat en ander kennisgewings daarop. Foto 4 weer eens deel van die kantoor 228 met plakkate daarop en dan die persoon wat op die foto is is kaptein Woensdregt wat my gehelp het met die deur-(10) soeking. Foto 5 asook foto 6 is die staalkas binnekant kantoor 228.

MNR. JACOBS: Wat is daar in daardie staalkas wat hier gepak is in foto 5 en foto 6? -- Dit is die dokumentasie waarop, van daardie dokumentasie was op beslag gelê.

Hoofsaaklik dokumentasie van watter organisasie? -- Afra Scope en dan ..

Van watter organisasies? -- Afra Scope en dan uit die aard van die dokumente natuurlik UDF.

MR BIZOS: My Lord, is this an opinion which the witness was (20) asked to express?

COURT: No, no, he says it appears from the documents that they were UDF documents.

MR BIZOS: Well, perhaps My Lord we will hear which UDF documents were found there. I did not want any sort of comment to go onto it which was left unchallenged with respect.

MNR. JACOBS: U het 'n inventaris, het u later op hierdie dokumente beslag gelê in kasse 5 en 6? -- Nee, dit kom uit die ander kantoor. Die dokumentasie wat die Staatsadvokaat na verwys kom in 'n ander kantoor in 'n ander kas, maar hier was UDF-dokumente op beslag (30) gelê in hierdie kas.

Het u dit op die inventaris aangebring? -- Dit is op die inventaris aangebring.

Sewe en agt? -- Foto 7 is die ingang na kantoor 229 wat ook deur Afra Scope gebruik was. Foto 8 is die binnekant van kantoor 229 waar daar plakkate teen die muur opgeplak was asook film-uitrusting teen die muur. Foto 9 is aan die binnekant van kamer 229 geneem en dui op verskeie films en ander dokumente wat later deur ons op beslag gelê is. Foto 10 aan die binnekant van kamer 229. Foto 11 is ook in kantoor 229 geneem. Foto 12 geneem in kantoor 229. Op die voorgrond is daar 'n staalkabinet wat - (10) met die volgende foto's kan 'n mens die laaie sien wat dan oopgetrek is waarbinne ons dan verskeie video-opnames gevind het.

Dertien, 14 en 15 is dit dan die laaie soos die videokasset-opnames daarin gepak was? -- Dit is so. Dit is die laaie van die kas in foto 12, die staalkas.

Voordat julle op hierdie goed beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Voordat julle beslag gelê het op hierdie .. -- Voordat ons beslag gelê het, is die foto's geneem.

Nadat die foto's geneem was, wat het u toe gedoen? -- (20) Ons het eers kantoor 228 deursoek en daarna kantoor 229.

Het u beslag gelê daar op dokumente? -- Daar is in beide kantore beslag gelê op dokumente en op video-opnames in kantoor 229.

Onder andere watter - BEWYSSTUK 2 hier voor die Hof, dit is item nr. 96 - die inventaris wat opgestel was, wie het dit geskryf? Laat ons miskien dit klaar maak voor dit klaar is. -- Betrokke met die deursoeking by Afra Scope was ekself in bevel. Die inventaris is opgeskryf deur vroueluitenant Prinsloo en in kantoor 228 het kaptein Woensdregt en speurderadjudantoffisier Deetlefs (30) die goed op beslag gelê en dit gemerk. In kantoor 229 het die

prosedure net effens verander, het luitenant Prinsloo nog steeds die inventaris opgeskryf, kaptein Woensdregt het die items waarop ons beslag gelê het fisies verwyder uit hulle oorspronklike plasingssposisie. Hy het dit oorhandig aan speurderadjutantoffisier Deetlefs wat dit gemerk het met 'n plakkertjie en 'n nommer daarop. Die nommer het ooreengekom met die nommer op die inventaris Dit was die prosedure.

Nadat dit nou voltooi was en die inventaris voltooi is, wat het toe gebeur? -- Die deursoeking het geëindig om 14h30 die middag van 9 Oktober. Ek het die inventaris by luitenant (10) Prinsloo oorgeneem. Ekself het verskeie byvoegsels aangebring op die inventaris. Daarna is alles waarop ons beslag gelê het, dokumente, die films asook die video-opnames deur myself, Procasum en sy prokureur, mnr. Bam, nagegaan item vir item. Hulle asook ekself was tevrede dat alles opgeteken was en reg was. Procasum self het 'n nota of opmerking geskryf op die inventaris self, daarna op versoek van myself het hy elke bladsy onderteken en ek het homself ook onderteken.

Wat was die opmerking wat .. -- Ek gaan probeer - ek kan nie die een woord duidelik lees nie, maar hier staan geskryf (20) in Engels "The material .." dan is daar 'n woord wat nie vir my duidelik is nie "here is not all Afra Scope's material as many individuals not directly associated with Afra Scope use of offices."

Ek wil hê u moet kyk na BEWYSSTUK 2 dan hier by die hof. -- Dit is 'n video-opname voor my. Die nommer - hier is 'n plakker-tjie op hom, die maskeerlint, "masking tape", 'n 96 is op hom. Dit is die plakkertjie wat deur speurderadjutantoffisier Deetlefs opgeplak is en die nommer daarop. Dan is daar 'n verdere nommer daarop wat ek op 'n latere stadium - 'n D5 aangebring het met (30) die verhoor in Pietermaritzburg. Dit is die bewysstuknommer in

Pietermaritzburg.

Wat aan die besondere band toegeken was? -- Dit is korrek. Dit is die bewysstuk in Pietermaritzburg - se nommer gewees, D5. HOF: Is die band gebruik in Pietermaritzburg? -- Hy was bestem om gebruik te gewees het.

Hy is nie daar gebruik nie? -- Nee, toe is hy nie lateraan gebruik nie.

MNR. JACOBS: Die 96, is dit die nommer op die inventaris? -- Dit is korrek, 96 is die inventarisnommer.

Dan BEWYSSTUK 3. -- Hier is weer eens 'n maskeerlint met (10) 'n nommer op 114, dit is die inventarisnommer. Dit stem ooreen met die 114 op die inventaris en dan is daar 'n D8 op weer eens die bewysstuknommer in die Pietermaritzburg-saak.

Was hierdie een daar gebruik? -- Weer eens was bestem gewees om gebruik te word, maar toe is hy nie later gebruik nie.

Dit was ingehandig .. -- Dit was ingehandig in die hof.

Dit is daarom wat die D-nommers opkom. Is dit die bewysstuknommers vir daardie hof? Die D-nommers, is dit die bewysstuknommers vir daardie hof? -- Ja, dit is die bewysstuknommers, die D-nommers.

BEWYSSTUK 4. -- Die maskeerlint - die inventarisnommer is (20) 72 op hom en die D-nommer is D6, die Pietermaritzburgnommer, en dit stem ooreen met die inventaris.

BEWYSSTUK 9. U Edele, ek dink dit is miskien wenslik dat ons al hierdie bewysstukke nou maar hier inhandig. Ek gaan dan na BEWYSSTUK 9 wat nog nie gespeel is nie.

HOF: O, daar is nog nie 'n BEWYSSTUK 9 nie? Goed, nou moet u maar deur die proses gaan en BEWYSSTUK 9 op rekord plaas.

MNR. JACOBS: BEWYSSTUK 9 sal wees, as ons daarby kom, is 'n verseëlde koevert met polisie-seël 1141 wat gemerk is "Oorspronklike video gemerk: TIC nr. 1" syfers 78 wat omkring is. Ek gaan die (30) koevert dan oopmaak. Dit is 'n videokasset. Hier staan op die

rugkant van hom "TIC nr. 1" dan is daar 'n kringetjie met 78 daarin, dan staan hier Grandix-videokassett E120. Ek kan net miskien, wat lateraan sal kom, dit sal BEWYSSTUK 9 wees en V9. Die transkripsie sal hierby betrokke wees lateraan.

HOF: Ja, u kyk nou na BEWYSSTUK 9. -- Dit is korrek. Die nommer 78 verskyn op hom en dan die ander nommer wat deur my aangebring is, is D12.

MNR. JACOBS: D12 weer eens die bewysstuknommer vir die verhoor in Pietermaritzburg. -- Dit is korrek.

Was hy gebruik daar? Was die opname daar gebruik of nie? (10)
-- Hy was ingehandig in die hof. Hy was nie gebruik nie.

HOF: Waarom is hy nie voorgespeel nie? Is hy gespeel in die hof?
-- Ja, hulle was gespeel, van hierdie bande. As ek reg onthou was hy gespeel gewees, maar as gevolg van die twaalf beskuldigdes wat toe vrygespreek is, is die bande toe onttrek.

MNR. JACOBS: U handig dan daardie een in op hierdie stadium as BEWYSSTUK 9.

HOF: Is hierdie BEWYSSTUK 9 iets wat klop met die inventaris?
-- Ja, hy klop met die inventaris.

78? -- 78.

(20)

MR BIZOS: I am sorry to interrupt, but as the witness gave Your Lordships an indication of what happened in Pietermaritzburg ..

COURT: Merely because I was inquisitive.

MR BIZOS: As Your Lordship pleases. I just want to put the record straight that they were actually played under substantial - similar circumstances as they were here. His Lordship did not make a finding in relation to their admissibility although she looked at them for a couple of weeks.

COURT: So they went through the preliminarys and did not get to a conclusion?

(30)

MR BIZOS: That is correct.

COURT: That is a pity.

MR BIZOS: There are certain others but not so much tapes as secretly made ..

COURT: Recording, tape recording.

MR BIZOS: Recorded and judgment has been reserved on those, we are instructed, until 5 June.

COURT: Thank you.

MNR. JACOBS: BEWYSSTUK 10, sal u net daarna kyk. -- Hier is 'n nommer, dit is die inventarisnommer 68 op hom en dan 'n D14 wat deur my aangebring is. (10)

Geld dieselfde hier dat dit ook dan ingehandig was in Pietermaritzburg. -- Dit is korrek.

As 'n bewysstuk. -- Dit stem ooreen met die inventaris.

BEWYSSTUK 11.

COURT: It is 68. Is 68 die nommer wat u aangebring het op die kasset en wat ook op die inventaris staan of wat iemand anders aangebring het in u teenwoordigheid op die kasset? -- Ja, wat op die inventaris staan.

Het die luitenant op die inventaris geskryf. -- 68 deur a/o. Deetlefs opgeskryf stem ooreen met 68 op die inventaris. (20)

Ek dink nie ons moet te veel kortpaadjies vat nie, mnr. Jacobs, tensy u die ding later in die algeheel kry.

MNR. JACOBS: Hy het genoem dit is die nommer op die inventaris. Ek sal die inventaris net as hy klaar is weer saamvat. BEWYSSTUK 11, kan u net vir ons sê. -- Hier is 'n inventarisnommer op 128 en dan die nommer wat ek aangebring het D15.

En die 128, klop dit met die inventaris? -- Dit klop.

En die D15 is weer eens die bewysstuknommer toe die kasset ingehandig was by die Hof in Pietermaritzburg. -- Dit is korrek.

BEWYSSTUK 15. -- Die inventarisnommer op BEWYSSTUK 15 is (30) 112 en dan die bewysstuknommer wat ekself aangebring het, is D18.

Dit klop met die inventaris.

En die D18 is weer eens die bewysstuknommer in die Pietermaritzburg-verhoor? -- Dit is korrek.

BEWYSSTUK 18(1) en (2). -- Die inventarisnommer is 65.

Is dit ten opsigte van - die bewysstuknommer wat daarop is. -- V18A, dit is hierdie hof se nommer.

HOF: 18A? -- Ja, ek sien hier staan 18A op.

MNR. JACOBS: Nee, die ander nommer wat daar in rooi ink aangebring is. -- 18(1), verskoning.

Ja? -- Soos ek gesê het die inventarisnommer is 65 en (10) dan die nommer wat ek daarop aangebring het, is D22(1). Dit stem ooreen met die inventaris.

En 18(2)? -- Hier is nou die nommer BEWYSSTUK 18(2) op hom, die hof se nommer seker, en dan is dit die inventarisnommer 117 en D22(2) die nommer wat ek aangebring het in 'Maritzburg. Dit klop met die inventaris.

Dan BEWYSSTUK 19(1) en (2) weer. Kyk na BEWYSSTUKKE 19(1) en 19(2). -- BEWYSSTUK 19(1) is die inventarisnommer 99. Die nommer wat ek aangebring het, is D7(1). Dit stem ooreen met die inventaris. (20)

En die D7(1) wat jy aangebring het, is 'n bewysstuknommer in 'Maritzburg? -- D7(1) is die nommer wat ek aangebring het.

Toe die stuk daar ingehandig is. -- Dit is korrek.

19(2)? -- Die nommer is 108 op die inventaris. Die nommer wat in 'Maritzburg aangebring is, is D7(2). Dit stem ooreen met die inventaris.

BEWYSSTUK 20?-- Ek sien 'n nommer 54, ek wil net seker maak. Ek dink amper die maskeerlint op hierdie een moes afgekom het, want ek sal net die inventaris moet deurgaen. Op die bewoording sal ek moet optel nou. U Edele, ek kan hom nie op die inven- (30) taris kry nie, tensy die aanklaer miskien net kan help met 'n

nommer.

Kan u by 130 kyk. -- Op die inventaris 130 staan "Durban Meeting". Op hierdie kasset staan "UDF Rally Orient Hall in Opposition to Rajbansi's meeting at the City Hall with P.W. Botha." Ek kan nie sê op daardie twee beskrywings of dit dieselfde band is nie.

HOF: Is daar nie 'n D-nommer by op daardie .. -- Daar is 'n D91 by.

Het u die D91 bygesit? -- Ja, die D91 is deur my hier aangebring.

Nou, het u enige ander videos gemerk behalwe dié wat u (10) gekry het? -- Nee, dit is net hierdie.

Nou, wat lei u daarvan af? -- Dat dit die video is wat ek gehad het.

Wat u in Khotso House gekry het by Afra Scope? -- Ja. Miskien moet ek net sê van die videos - soos dit in die hele land deursoek was, het dit gesentraliseer na my toe. Van die goed kom nie van Afra Scope af nie. Dit het van ander plekke af gekom, maar aan die einde van die dag het ek almal van hulle ge-etiketeer met hierdie D-nommers op.

Ja, maar dan beteken die feit dat daar 'n D91 opstaan nie (20) dat dit van Afra Scope af kom nie? -- Dit is wat ek net wil sê daar.

MNR. JACOBS: Ons sal net lateraan miskien na hom terugkom, na daardie een, as u miskien beter - laat ons net die ander klaar maak. BEWYSSTUK 29. -- BEWYSSTUK 29 is gemerk met 'n inventarisnommer 125 en deur myself met D3 en dit stem ooreen met die inventaris.

Die D3, is dit die nommer wat toegeken is by die verhoor in Pietermaritzburg? -- Dit is korrek.

Dan BEWYSSTUK 28. -- BEWYSSTUK 28 is inventarisnommer (30) 113 gemerk D3 deur myself.

Wat is hy gemerk? -- D3.

E? -- D.

HOF: Die vorige een is ook D3. -- Hy is ook D3.

Is daar twee wat D3 gemerk kan wees in dieselfde hof? --
Dit was moontlik gewees. Dit stem ooreen met die inventaris.

MNR. JACOBS: U Edele, ek wil net iets hier seker maak.

HOF: Watter een soek u, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS: 26. Ek is nou nie seker van hom nie.

HOF: 26 is 'n bywoningsregister van die UDF. Soek u hom?

MNR. JACOBS: Nee, ek wil net seker maak, want sy nommer is dan(10) hier verkeerd, sy 26 op sy verklaring. Ek sal dit opklaar as ek net later 'n geleentheid daarvoor kry om te kyk wat daar aan die gang is. Kaptein, net nadat u nou hierdie - u het nou hierdie nommers uitgenoem op die inventaris, toe u dit nagegaan het saam met die persoon Procasum en die prokureur en hulle geteken het, het u hierdie nommers gekorreleer soos dit hier was met die verskillende bewysstukke? -- Dit is korrek.

Was hulle toe reg gewees? -- Alles was in orde gewees.

Wat het u toe met hierdie video-opnames gemaak, hierdie bewysstukke wat u nou hier uitgelees het? Elkeen van hulle. (20)
Nadat u nou beslag geneem het. -- Al die items, bewysstukke waarop ons beslag gelê het op die 9de is na my kantoor geneem te John Vorster-plein waar ek dit gestoor het in kamer 1006, dit is my kantoor nommer en op 11 Oktober 1984 het ek dit aan kaptein Botha van Pretoria oorhandig.

Is dit daar in u kantore? -- By die kantoor aan die hand van die inventaris. Dit is die videos en die films wat daar was.

K293

Het u ook hierdie BEWYSSTUKKE 2, 3, 4, 9, 10, 11, 15, 18, 19 en dan 28 en 29 en dan 20 ook wat u nou nie die nommer van gekry het nie? -- Ja, al die video-opnames was ook vir hom gegee, vir kaptein Botha. (30)

En in die tyd wat hierdie videobande in u besit gewees het, hierdie betrokke bewysstukke, het u of enigiemand anders met hulle gepeuter op enige wyse? -- Nee.

Kon enigiemand anders met hulle peuter daar terwyl hulle daar in u besit was vandat hulle in beslag geneem is totdat u dit oorhandig het aan Botha? -- Nee.

Was u die enigste persoon wat die sleutel gedra het van daardie kantoor? -- Dit was in my kantoor toegesluit en ek het die sleutel van my kantoor self.

Het jy self die bande gekyk en gespeel op daardie stadium?
(10)
-- Nee, nie op daardie stadium nie.

Die bande wat u nou hier na gekyk het, wat u nou hier vanoggend in u hand gehad het, is dit die bande wat u daar op beslag gelê het, is u tevrede daarmee? -- Ek is tevrede.

Terwyl u daardie kantore daar deursoek het en by hierdie videos, het u afgekom op enige ander dokument of 'n besondere dokument? -- In kamer 229 was daar 'n kartondoos met elf lêers in. Dit is op die inventaris aangeteken per item nr. 236. Dit is swart en blou lêers met 'n klomp dokumente binne die lêers.

Gaan maar voort. Wat het u met daardie kartonne gemaak? (20)
-- Daardie kartondoos met lêers was, soos met die ander bewysstukke, ook na my kantoor geneem en was dit altyd onder my beheer gewees.

Die dokumente, van watter organisasie was hulle? -- Hoofsaaklik dié van die UDF.

Het u enige registers op beslag gelê daar in daardie kantoor waar die videos gehou was? -- Ja.

Watse register het u daar op beslag gelê? -- Daar was 'n bywonings of 'n register waar hulle die video-opnames uitgeboek het, die gebruik daarvan. (30)

'n Register waar organisasies dit kon kry by Afra Scope? --

Ja, dit dui daarop dat 'n persoon kom leen die film by hulle en dan boek hulle hom uit. U Edele, ek moet dit miskien net regstel dit is òf in kantoor 228 òf 229. Ek het nou nog nie die ding - ek kan nie sê in watter kantoor ...

HOF: U praat nou van die kartondoos met die elf lêers. -- Dit was in 229.

Dit was in 229. Nou hierdie een, die registers, weet u nie of dit in 228 of in 229 was nie? -- Ja, ek sal eers na die inventaris kyk om seker te maak.

MNR. JACOBS: U Edele, kan ek net 'n kort verdaging kry. Ek het (10) een van die bewysstukke, die register - ek weet nie of hy hier is nie. Ek moet net seker maak dat ek dit gekry het.

HOF: Dit is nie die register wat ons behad het ..

MNR. JACOBS: Nee, dit is 'n ander een.

HOF: Hoe lank sal die verdaging duur?

MNR. JACOBS: Ek wil net uitvind waar die register - hy was ...

HOF: Ons kan die verdaging nou neem, die etenstydverdaging en dan net 'n bietjie vroeër begin.

MNR. JACOBS: Dit sal my help.

HOF: Sal ons verdaag tot 13h45? (20)

MNR. JACOBS: Dit sal my baie help, dankie.

HOF: Dan kan u intussen oor nr. 2, nr. 3, nr. 4, nr. 5, ensovoorts gesels met mnr. Bizos.

HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE. HOF HERVAT.

K294 ADRIAAN PIETER VAN NIEKERK (Nog onder eed)

MNR. JACOBS: U Edele, ek wil vra of ons nie kan uitstel tot môreoggend toe nie, dat ek hierdie tussenfase se mense - kan die erkennings opstel. Dit vat 'n bietjie tyd om hulle te doen. Ons het probeer en ons kon net twee van hulle, een en 'n half eintlik, doen in die tyd, om die hele skakeling aaneenvolgens op te (30) doen.

HOF: Hoeveel mense is daar?

MNR. JACOBS: Daar is 'n hele klompie mense.

HCF: Baie?

MNR. JACOBS: Ja, want hulle is gehanteer op die manier dat hulle eers na Natal toe gegaan het en toe moes hulle weer terugkom en dit is waar so baie hantering gekom het.

HOF: Wat is mnr. Bizos se houding oor 'n uitstel?

MNR. JACOBS: Mnr. Bizos het ek gewys hoedat ons hom nou min of meer opgestel het, die eerste een het ek gewys hoe ons hom opgestel het en hy sê hy is tevrede, ons is op die regte pad en (10) dit is blykbaar soos dit sal wees.

MR BIZOS: Yes, I was shown proforma admission.

COURT: Will it serve a purpose to adjourn until tomorrow morning?

MR BIZOS: I would have no objection but we would like to hear this witness's evidence-in-chief because it will facilitate matters.

COURT: This witness?

MR BIZOS: This witness, yes. This is what I told My Learned Friend that I have no objection to the adjournment after we have at least had the evidence of this witness. We may be able to (20) cross-examine him this afternoon and excuse him or it may be necessary for us to take instructions and it will be of tremendous assistance if we could hear the rest of his evidence. He is apparently going to produce certain documents. We might as well have that, My Lord, and if My Learned Friend's difficulty is that he does not want to finish the witness off because of some other matter well ...

COURT: You mean finish with the evidence of the witness?

MR BIZOS: Yes, I did not intend any (laughs) - I did not intend anything like that, My Lord, but I do appreciate that it is (30) capable of that meaning. If he wants to ask more questions

tomorrow there will be no objection to that. We would like to hear the witness's evidence.

HOF: Mnr. Jacobs, wat ook al geskik gaan word lyk dit asof hierdie getuie nog steeds moet getuig. Nou, moet daardie deel van sy getuienis dan nie maar gelei word nie?

MNR. JACOBS: Daar is 'n deel van 'n middeldeel wat hy ook weer inkom. Dit is hoekom ek gevra het dat ek die hele ding kan regstel.

HOF: Nou kom ons - as u kan die middeldeel uitlaat voorlopig, die gedeelte wat nou, sal ek sê, formeel van aard is, en dat u die ander getuienis lei. (10)

MNR. JACOBS: Soos u sal onthou dat een - ja, die getuienis het nie gekom nie. Dit is een van die middel - die band wat in Vryburg byvoorbeeld gekry is, kom nou na tweede man Nieuwoudt toe soos die getuienis was en van Nieuwoudt af kom dit na hom toe. Dit is dan waar hy 'n middelman gaan wees en dan op 'n latere stadium dan hanteer hy al hierdie bewysstukke om hulle Natal toe te vat om weer - selfs die ander ook, het hy dit oorhandig aan Botha. Botha gaan dit weer op 'n stadium vir hom teruggee daar in Natal waar hy daardie nommers merk en vir die hof daar aanbied.

HOF: Wel, hoe lank gaan dit neem om hierdie getuienis te lei? (20)
Alles nou, middelman en nie middelman nie.

MNR. JACOBS: Ek kan dit lei, U Edele. Ek sal probeer om dit alles te lei. Ek het net gemeen om die opeenvolging van daardie ander dinge mooi sistematies - 'n deel van die erkennings gaan nou lyk of daar 'n leemte is omdat hierdie getuie anderste - ek het net gedink om dit in 'n mooi kronologiese orde vir die Hof te gee, dat 'n mens nie agterna moet soek na die goed nie.

HOF: Ja, maar is daar nou 'n gedeelte van hierdie getuie se getuienis wat nie bloot formeel is nie, met ander woorde ek het hierdie dokument op hierdie datum gekry en dit op daardie datum vir iemand anders gegee, dié soort van ding nie? Is daar (30)

nog ander soort getuienis wat kom en dit is wat mnr. Bizos graag wil hoor.

MNR. JACOBS: Ek het nie - behalwe daardie een dokument wat ek ...

HOF: Die register wat u gesoek het?

MNR. JACOBS: Die register wat ek van gepraat het.

HOF: Plaas dan die register voor ons dan verdaag ons vir die formele gedeelte.

MNR. JACOBS: Kaptein, u het gesê dat u het daarso 'n register gekry, 'n leenregister van video-opnames. -- Dit is korrek.

Dit is gevind in kamer 228. Ek herken die handskrif van (10) speurderadjutantoffisier Deetlefs op 'n plakkertjie wat hy aangebring het op die boek. Die nommer van die inventaris is 2. Daar is ook 'n 2 in die een hoek bokant die boek, is daar 'n 2 aangebring.

U handig dit in dan as BEWYSSTUK AAV6. Kaptein, ons het op 'n stadium hier met BEWYSSTUK 20 wat u nie in die inventaris kon kry nie - kon u dit oplos in die tussentyd? Gedurende die etensbreek? -- Ja.

Kry net daardie BEWYSSTUK 20, dat hy net voor hom lê, dan kan u net kyk. -- Daar is op twee video-opnames beslag gelê waarvan die een gevind was by Afra Scope se kantore. Hierdie een, (20) BEWYSSTUK 20 voor die Hof, dit is nie die een wat by Afra Scope gevind is nie. Dit is hoekom ek hom nie hier kon gekry het nie. Die woorde het nie ooreengestem nie. Die ander een wat gekry is, gebruik die Staat blykbaar nie.

HOF: Ja, maar as u nou praat van twee videos, bedoel dit twee identiese videos of twee heeltemal verskillende dinge? -- Dit handel oor dieselfde ...

Oor dieselfde vergadering of gebeurtenis? -- Gebeurtenis, ja.

MNR. JACOBS: Hierdie een, weet u waar hy gekry was? -- Hierdie een was deur speurderadjutantoffisier Carr gevind. (30)

So, adjutantoffisier Carr sal getuienis dan gee oor hierdie

een? -- Dit is korrek.

HOF: Met ander woorde u het dit by mnr. Carr gekry of nie? Want u sê hierdie een het u op 'n stadium gehad en u het dit as 'n bewysstuk in Pietermaritzburg ingegee. -- U Edele, die ketting is ek het van kaptein Botha gekry, hy het dit weer van ...

U het dit by kaptein Botha gekry? -- Ja, dit is korrek.

MNR. JACOBS: U Edele, dan vra ek op hierdie stadium dan dat ons sal verdaag dat ek ..

HOF: Ja, dit is in orde, maar ek wil net duidelikheid kry oor die inventaris wat gebruik is om hierdie videos te identifiseer. (10)
Wil u dit inhandig of nie? Wil u dit nou inhandig of mōre?

MNR. JACOBS: Ek kan dit maar inhandig dan is dit ook by My Geleerde Vriend.

HOF: Ek het geen probleme nie, maar ek wil net hê dat dit nie vergete bly as dit moet gedoen word nie.

MNR. JACOBS: Die oorspronklike inventaris wat daar opgestel is en deur u gekorreleer was, u handig dit in as BEWYSSTUK AAV7.

HOF: Het u die inventaris nog nodig by u skikkingsonderhandelinge?

MNR. JACOBS: U Edele, ek sal net - ek dink hy het 'n afskrif van hom wat hy op kan werk as daar nog iets is wat hy moet opklaar. (20)

MR BIZOS: I would ask Your Lordship to receive the copies. The captain was good enough to give us a copy and I just learned that they are available.

COURT: Well, I have got the original now.

MR BIZOS: It may be necessary to have a copy for marking purposes.

HOF: Het u nog 'n afskrif vir my ook?

MNR. JACOBS: Het u nog afskrifte daar, kaptein? -- Ek het.

Het u miskien vir die Geleerde Here Assessore elkeen een.

HOF: Die Assessore het, dankie. Wil u die oorspronklike intussen terughê of is dit nie nodig nie? -- Dit is nie nodig nie. (30)

MNR. JACOBS: Ek mag net sê die kaptein probeer nog daardie een,

BEWYSSTUK 9, waar die etiket blykbaar af is of iets van daardie aard, naspoor in sy ...

HOF: In sy inventaris?

MNR. JACOBS: In sy inventaris. Ons het hom ongelukkig 'n bietjie lastig geval om ons te help met die erkennings hierso as ons dit moes opstel toe kon hy dit nie doen nie.

HOF VERDAAG TOT 1986-05-27 OM 09h00.